

EBENHAESER - TUISTE VIR BEJAARDES

BEWONINGSREG OOREENKOMS

BESTAANDE UIT:

- A. SKEDULE VAN BESONDERHEDE**
 - B. TERME EN VOORWAARDES**
 - C. AANGEHEGDE DOKUMENTE VAN INLIGTING (AANHANGSELS)**
-

AANHEF TOT DIE BEWONINGSREG OOREENKOMS

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

1. Terme, frases en/of woorde in hierdie aanhef tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, wat in hoof- en “vet” letter formaat gebruik word, sal, tensy die konteks duidelik ’n ander betekenis en/of bedoeling aandui, die betekenis en/of bedoeling hê wat in **AANHANGSEL “F”** tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** daaraan toegedeel en/of toegeskryf word.
2. Wanneer u die **SKEDULE** met bepaalde besonderhede vir u transaksie onderteken, stel dit ’n onherroeplike aanbod vir die koop van ’n **BEWONINGSREG** daar. Die aanbod is onderhewig aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**. (Sien ook klousules 7 en 8 van die **TERME EN VOORWAARDES** waar die totstandkoming van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** en relevansie van die **SKEDULE** meer volledig verduidelik word).
3. Indien die **TRUST** die aanbod binne 30 (dertig) dae, van die dag wat volg op die dag waarop u die **SKEDULE** geteken het, aanvaar, kom ’n geldige ooreenkoms tot stand op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** waaraan u gebonde sal wees.

4. Maak seker dat u die inhoud van die **SKEDULE, TERME EN VOORWAARDES** en **AANHANGSELS** verstaan voordat u die **SKEDULE** teken.
 5. Indien u enige van die inhoud van die dokumente hierbo in punt 4 genoem nie verstaan nie, vra eers dat die personeel van **EBENHAESER** dit aan u verduidelik, hulle sal dit graag doen.
 6. **EBENHAESER** word besit en bedryf deur die **TRUST**, soos meer volledig beskryf word in die **TERME EN VOORWAARDES**.
 7. Indien u getroud is en/of in 'n buite-egtelike lewensverhouding (i.e. konkubinate verhouding) met 'n ander saamleef, moet daardie persoon hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** as **MEDEKOPER** voltooi en onderteken. Indien dit nie gedoen word nie mag dit gebeur dat u gade en/of lewensmaat nie enige reg tot besetting, genot en/of gebruik van (en/of ander regte en ten opsigte van) die **BEWONINGSREG** (en/of **EENHEID**) sal hê na u afsterwe (en/of ander inkapasiteit) nie.
 8. Sekere gedeeltes van die inhoud van die **SKEDULE** en/of die **AANHANGSELS** tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** sal geïnkorporeer word as terme en voorwaardes van die **TERME EN VOORWAARDES**. Waar dit die geval is sal spesifiek daarna verwys word in die bepaalde paragrawe van die **TERME EN VOORWAARDES**. Maak seker dat u, uself deeglik vergewis van die spesifieke gedeeltes van die **SKEDULE** en/of betrokke **AANHANGSELS**.
-

INDEKS

A. SKEDULE VAN BESONDERHEDE

1.	DEFINISIES EN INTERPRETASIE	
2.	BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT DIE TRUST VERTEENWOORDIG	6
3.	BESONDERHEDE VAN KOPER/S	6
4.	DIE EENHEID	7
5.	KOOPPRYS EN BETAALWYSE	7
6.	HEFFING DEUR KOPER BETAAL TE WORD EN ADDISIONELE DIENSTE	8
7.	VERANTWOORDELIKE PERSOON (SIEN KLOUSULE 29 VAN DIE BEWONINGSREGOORENKOMS)	9
8.	DATUM VAN OKKUPASIE	10
9.	DOKUMENTE AANGEHEG	10
10.	ONDERTEKENING	10
11.	AANVAARDING	11

B. BEWONINGSREGOORENKOMS

1.	DEFINISIES EN INTEPRETASIE	12
2.	BASIS EN DOEL VAN OORENKOMS	13
3.	VERLENING VAN BEWONINGSREG	14
4.	BEWONINGSREG	14
5.	DIE EENHEID	14
6.	VERGOEDING	14
7.	AANBOD	15
8.	DIE SKEDULE	15

9.	INHOUD VAN BEWONINGSREG	16
10.	VERPLIGTINGE GEKOPPEL AAN DIE BEWONINGSREG	16
11.	WOONEENHEID EN EKSKLUSIEWE GEBRUIK	17
12.	GEMEENSKAPLIKE GEBRUIKSGEBIEDE / AREAS	17
13.	DUUR VAN BEWONINGSREG EN BEëINDIGING DAARVAN	17
14.	MEDE-KOPERS EN DIE TRUST	18
15.	BESIT EN OKKUPASIE, HANDELINGE DEUR GADE EN OUDERDOMS- BEPERKING BY MEDE-KOPERS	20
16.	VERSORGINGSAFDELING	20
17.	MEDIKASIE BEHEER	23
18.	WOONSTELVERSORGING	24
19.	HEFFINGS	25
20.	VERHURING	27
21.	VERSEKERING	27
22.	ONDERHOUD VAN DIE EENHEID EN VERANDERINGE DAARAAN	28
23.	BESTUUR	29
24.	BEëINDIGING VAN BEWONINGSREG	29
25.	TE GELDE MAKING VAN BEWONINGSREG	31
26.	OPBRENGS	31
27.	GERIEWE	32
28.	KONTRAKBREUK	34
29.	ADRESSE WAAR PARTYE KIES OM KENNISGEWINGS TE ONTVANG	36
30.	VERANTWOORDELIKE PERSOON	37
31.	ALGEMEEN	37

**C. AANGEHEGDE DOKUMENTE TOT BEWONINGSREGOOREENKOMS
(AANHANGSELS)**

AANHANGSEL “A”	–	VOLMAG
AANHANGSEL “B”	–	TOELATINGSBELEID
AANHANGSEL “C”	–	HUISREëLS EN REGISTRASIE SERTIFIKAAT IN TERME VAN DIE WET OP OUER PERSONE, WET 13 VAN 2006
AANHANGSEL “D”	–	KLAGTEPROSEDURE
AANHANGSEL “E”	–	UITEENSETTING VAN DIE BESTUUR-STRUKTUUR MET HEFFING EN KOSTE STRUKTUUR
AANHANGSEL “F”	–	DEFINISIES EN INTERPRETASIE

A. SKEDULE VAN BESONDERHEDE

1. DEFINISIES EN INTERPRETASIE

Terme, frases en/of woorde in hierdie **SKEDULE**, wat in hoof- en “vet” letter formaat gebruik word, sal, tensy die konteks duidelik ’n ander betekenis en/of bedoeling aandui, die betekenis en/of bedoeling hê wat in **AANHANGSEL “F”** tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** daaraan toegedeel en/of toegeskryf word.

2. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT DIE TRUST VERTEENWOORDIG

Naam en Van -----
Hoedanigheid -----

3. BESONDERHEDE VAN KOPER EN MEDEKOPER

KOPER

Naam en Van -----

Identiteitsnommer -----
Fisiese adres -----

Posadres -----

Telefoonnommer -----
Faksnommer -----
Selfoonnommer -----
E-posadres -----

MEDEKOPER

Naam en Van

Identiteitsnommer

4. DIE EENHEID

Eenheid nommer

Fase

Grootte

5. KOOPPRYS EN BETAALWYSE

5.1 Die **KOOPPRYS** is R_-----
(-----_rand), welke
bedrag soos volg betaalbaar is:

5.1.1 'n Bedrag van 12.5% (twaalf komma vyf persent) van die **KOOPPRYS**, synde
R_----- (-----
-----_rand) is as deposito aan die **TRUST**
betaalbaar op datum van ondertekening van hierdie **BEWONINGSREG**
OOREENKOMS deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant).

5.1.2 Die balans van die **KOOPPRYS**, synde R_-----
(-----_rand)
is betaalbaar binne 2 (twee) maande na ondertekening van hierdie
BEWONINGSREG OOREENKOMS deur/namens die **TRUST**, dit is voor of
op _____. Indien die balans van die **KOOPPRYS**
(of enige deel daarvan) nie tydig betaal word nie, dan sal daardie onbetaalde deel
rente dra soos gestipuleer in klousule 19.7 van die **BEWONINGSREG**
OOREENKOMS hieronder. Verder, indien die balans van die **KOOPPRYS** (of
enige deel daarvan) vir langer as 6 (ses) maande na die datum gestipuleer vir
betaling daarvan onbetaald bly, sal die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien

relevant) verantwoordelik wees vir die betaling van maandelikse okkupasiehuur gelykstaande aan 10% (tien persent) van die bedrag uitstaande/onbetaald van tyd tot tyd. Die okkupasiehuur sal gehef word en betaalbaar wees addisioneel tot, en nie in vervanging van, die voormelde rente en die **HEFFINGS**.

5.1.3 Alle betalings in terme van 5.1.1 en 5.1.2 hierbo moet aan die **TRUST** gemaak word by wyse van elektroniese oorbetalings in die bankrekening van die **TRUST**, of 'n tjek wat aan die **TRUST** oorhandig moet word by die fisiese adres: Anna Wilson Straat 211, KILNERPARK, Pretoria.

6. HEFFING DEUR KOPER BETAAL TE WORD EN ADDISIONELE DIENSTE

6.1 Daar is 'n maandelikse **HEFFING** betaalbaar en dit word uiteengesit in klousule 19 van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**. Die **HEFFING** betaalbaar is onderworpe aan moontlike verandering en word jaarliks bepaal. Op datum van ondertekening van hierdie **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) is die **HEFFING** van krag gelyk aan R_____ (_____ _rand) per maand.

6.2 Die volgende **ADDISIONELE DIENSTE** kan deur die **TRUST**, via **EBENHAESER**, aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) gelewer word teen 'n addisionele koste per **ADDISIONELE DIENS**, welke addisionele koste onderworpe is aan moontlike verandering en jaarliks bepaal word. Die **ADDISIONELE DIENSTE** is as volg:

6.2.1 Medisyne beheer. Op datum van ondertekening van hierdie **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) is die addisionele koste vir medisyne beheer gelyk aan R_____ (_____ _rand) per maand per persoon.

6.2.2 **EENHEID VERSORGING**. Op datum van ondertekening van hierdie **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) is die addisionele koste vir **EENHEID VERSORGING** gelyk aan R_____ (_____ _rand) per maand per persoon.

6.2.3 Inbou van stort. Op datum van ondertekening van hierdie **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) is die addisionele koste vir die inbou van 'n stort gelyk aan 'n eenmalige bedrag van R_____ (_____rand).

6.2.4 DSTV koppelpunt. Op datum van ondertekening van hierdie **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) is die addisionele koste vir die koppeling van 'n DSTV koppelpunt gelyk aan 'n eenmalige bedrag van R_____ (_____rand). Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) sal persoonlik verantwoordelik wees vir maandelikse intekentariet betaalbaar aan MultiChoice. .

6.3 Die inhoud en omvang van hierdie **ADDISIONELE DIENSTE** word meer breedvoerig in die **TERME EN VOORWAARDES** uiteengesit.

7. **VERANTWOORDELIKE PERSOON (SIEN KLOUSULE 30 VAN DIE BEWONINGSREG OOREENKOMS)**

Naam en van _____

Identiteitsnommer _____

Fisiese adres _____

Posadres _____

Telefoonnommer _____

Faksnommer _____

Selfoonnommer _____
E-posadres _____

8. **DATUM VAN OKKUPASIE**

Okkupasie van die **EENHEID** word gegee op _____ 20____

9. **AANHANGSELS**

Die volgende dokumentasie, onder andere, word vir u aandag aangeheg tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**:

- 9.1 Die Toelatingsbeleid met heffing en koste struktuur (**AANHANGSEL "B"**);
- 9.2 'n Kopie van die huisreëls en registrasie sertifikaat in terme van die Wet Op Ouer Persone, Wet 13 Van 2006 (**AANHANGSEL "C"**);
- 9.3 'n Kopie van die die Klagteprosedure (**AANHANGSEL "D"**);
- 9.4 'n Uiteensetting Van Die Bestuurstruktuur (**AANHANGSEL "E"**); en
- 9.5 Interpretasie en Definisies (**AANHANGSEL "F"**).

10. **ONDERTEKENING**

Geteken deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) te Pretoria op _____
_____20____

GETUIES

1. _____

2. _____

DIE KOPER

HANDTEKENING

DIE MEDEKOPER

HANDTEKENING

Geteken deur die **VERANTWOORDELIKE PERSOON** te Pretoria op _____
_____20_____

GETUIES

**DIE VERANTWOORDELIKE
PERSOON**

1. _____

HANDTEKENING

2. _____

11. AANVAARDING

Die **TRUST** aanvaar hiermee die aanbod van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) soos hierin vervat.

Geteken deur die **TRUST** te Pretoria op _____20_____

GETUIES

TRUST

1. _____

HANDTEKENING

2. _____

B. TERME EN VOORWAARDES

Ooreenkoms aangegaan deur en tussen:

DIE DERDEPOORT GEREFORMEERDE LIEFDADIGHEIDSTRUST

TRUST NOMMER T107/87

(Hierin later na verwys as die “**TRUST**”)

Hierin verteenwoordig deur die **VERTEENWOORDIGER** soos omskryf in klousule 2 van die voorafgaande **SKEDULE**. Die **VERTEENWOORDIGER** waarborg sy/haar magtiging/volmag om op te tree as verteenwoordiger van die **TRUST** wanneer hy/sy die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** onderteken

Van: Anna Wilson Straat 211, Kilnerpark, Pretoria;

en

DIE KOPER

Soos omskryf in klousule 3 van die **SKEDULE** en met fisiese adres soos aangestip in klousule 3 van die **SKEDULE** saamgelees met klousule 29.1 en spesifiek klousule 29.1.2 van hierdie **TERME EN VOORWAARDES**;

en

DIE MEDEKOPER (INDIEN VAN TOEPASSING)

Soos omskryf in klousule 3 van die **SKEDULE** en met fisiese adres dieselfde as die **KOPER**

1. DEFINISIES EN INTERPRETASIE

Terme, frases en/of woorde in hierdie **TERME EN VOORWAARDES**, wat in hoof- en “vet” letter formaat gebruik word, sal, tensy die konteks duidelik ’n ander betekenis en/of bedoeling aandui, die betekenis en/of bedoeling hê wat in **AANHANGSEL “F”** tot die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** daaraan toegedeel en/of toegeskryf word.

2. BASIS EN DOEL VAN BEWONINGSREG OOREENKOMS

Die basis en doel van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** is soos volg:

- 2.1 **JACOLISE** is die geregistreerde eienaar van erf 873 Kilnerpark, Registrasie Afdeling J.R., Gauteng, waarna hierin later verwys sal word as die “**ONROERENDE EIENDOM**”;
- 2.2 **JACOLISE** het ’n geboue kompleks op die **ONROERENDE EIENDOM** opgerig wat die akkommodasie en fisiese versorging van persone van 50 (vyftig) jaar of ouer ten doel het;
- 2.3 **JACOLISE** het ’n gebruiksreg ooreenkoms met die **TRUST** gesluit waarvolgens die **ONROERENDE EIENDOM** vir ’n onbepaalde tydperk aan die **TRUST** beskikbaar gestel is/word vir die bedryf van **EBENHAESER**. Die **TRUST** moet ’n maandelikse bedrag gelykstaande aan die maandelikse heffings, belastings en ander wetlik voorgeskrewe uitgawes, deur die munisipaliteit teenoor **JACOLISE** gehef ten aansien van die **ONROERENDE EIENDOM**, aan **JACOLISE** hiervoor betaal;
- 2.4 Die **TRUST** moet **EBENHAESER** volgens die doelstellings van die trustakte van die **TRUST**, asook die vereistes van die **WET**, bestuur in die belang van persone van 50 (vyftig) jaar of ouer;
- 2.5 Die **ONROERENDE EIENDOM** en/of die geboue kompleks daarop bestaan uit ’n verskeidenheid geriewe vir die versorging van ouer persone, onder andere bewoningseenhede en verwante geriewe;
- 2.6 Die **TRUST**, via **EBENHAESER**, verskaf aan persone van 50 (vyftig) jaar en ouer lewenslange **BEWONINGSREGTE** ten aansien van bepaalde gedeeltes van die **ONROERENDE EIENDOM** en/of die gebouekompleks daarop, teen vergoeding en onderhewig aan die voorwaardes hieronder uiteengesit;
- 2.7 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) is ’n persoon/persone wat, volgens die bepalings van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, kwalifiseer vir ’n **BEWONINGSREG** met die regte en verpligtinge hierin later omskryf;
- 2.8 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) wil met die **TRUST** ’n ooreenkoms sluit vir die bewoning van ’n **EENHEID** met die meegaande regte en

verpligtinge, onderhewig aan die terme en voorwaardes wat in hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** vervat is;

2.9 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) het versoek dat die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** met hom/haar/hulle in Afrikaans moet wees/gesluit moet word;

Daarom kom die **TRUST** en die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien relevant) nou soos volg ooreen:

3. **VERLENING VAN BEWONINGSREG**

Die **TRUST** verleen hiermee aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) 'n **BEWONINGSREG** vir die **EENHEID**, onderhewig aan die terme en voorwaardes hieronder uiteengesit.

4. **BEWONINGSREG**

Die **BEWONINGSREG** wat hierkragtens deur die **TRUST** aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) verleen word, sluit in die regte en verpligtinge vervat in die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**.

5. **DIE EENHEID**

Die **EENHEID** is 'n wooneenheid.

6. **VERGOEDING**

Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet vergoeding betaal aan die **TRUST** vir die **BEWONINGSREG**. Dit is die **KOOPPRYS** en die **HEFFINGS**. Dit sal betaalbaar wees soos uiteengesit in die **SKEDULE** en hierdie **TERME EN VOORWAARDES**.

7. AANBOD

- 7.1 Wanneer die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) die **SKEDULE** onderteken het, vorm dit 'n onherroeplike aanbod aan die **TRUST** om 'n **BEWONINGSREG** te koop onderhewig aan die terme en voorwaardes van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, welke aanbod geldig is vir 30 (dertig) dae vanaf die dag wat volg op die dag waarop die **SKEDULE** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) onderteken is.
- 7.2 Die **TRUST** sal, na oorweging van die **SKEDULE** volgens paragraaf 8 hieronder, geregtig wees om die aanbod te aanvaar binne die tydperk van 30 (dertig) dae in klousule 7.1 hierbo genoem.
- 7.3 Aanvaarding van die aanbod sal plaasvind as:
- 7.3.1 Die **VERTEENWOORDIGER** die **SKEDULE** onderteken namens die **TRUST** binne die 30 (dertig) dae in 7.1 genoem; en
- 7.3.2 Die **TRUST** 'n brief aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) stuur, na sy/haar/hulle fisiese adres gespesifiseer in klousule 3 van die **SKEDULE**, as skriftelike bevestiging van aanvaarding van die aanbod.
- 7.4 Indien die **TRUST** nie die aanbod aanvaar soos hierbo bepaal nie, sal die aanbod verval.

8. DIE SKEDULE

- 8.1 Die **SKEDULE** maak voorsiening vir persoonlike besonderhede wat vir elke afsonderlike transaksie voltooi moet word. Die **TRUST** gebruik die **SKEDULE** om te besluit of die **TRUST** die aanbod volgens paragraaf 7 wil/sal aanvaar of nie.
- 8.2 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) bevestig dat die inligting vervat in die **SKEDULE** absoluut korrek is. Sou dit later blyk dat die inligting nie absoluut korrek was nie, en dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) dit redelikerwys behoort te gewet het, sal die **TRUST** geregtig wees om die regte uiteengesit in klousule 24.2 (en meer spesifiek 24.2.4), uit te oefen.
- 8.3 Die inligting vervat in die **SKEDULE** sal, onderhewig aan klousule 8.4, vertroulik wees. Die **TRUST** sal nie geregtig wees om enige deel daarvan aan derde partye bekend

te maak sonder die vooraf skriftelike toestemming van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) nie.

- 8.4 Die **TRUST** sal wel geregtig wees om die inligting in die **SKEDULE** te gebruik om by finansiële of kredietinstansies die kredietwaardigheid van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) na te gaan. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) gee dan ook hiermee aan die **TRUST** die reg en toestemming om, ter oorweging van die aanbod hierin vervat (verwys paragraaf 7 hierbo), sodanige navrae te doen.

9. INHOUD VAN BEWONINGSREG

Die inhoud van die **BEWONINGSREG** wat hiervolgens aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) verleen word, is soos volg:

- 9.1 Die eksklusiewe reg om die **EENHEID** lewenslank te bewoon, soos omskryf in klousule 11 gelees met klousule 15;
- 9.2 Die reg om gelykmatig met alle ander houers van lewenslange bewoningsregte in die **ONROERENDE EIENDOM** die **GEMEENSKAPLIKE EIENDOM** (soos omskryf in klousule 12 hieronder) te gebruik ooreenkomstig die relevante voorwaardes uiteengesit in hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**;
- 9.3 Toegang tot die **VERSORGINGSAFDELING**, soos hieronder in klousule 16 beskryf;
- 9.4 Die reg om die dienste en fasiliteite wat die **TRUST** volgens hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** (via **EBENHAESER**) beskikbaar stel en sal lewer, te benut volgens die voorwaardes uiteengesit in hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**.

10. VERPLIGTINGE GEKOPPEL AAN DIE BEWONINGSREG

- 10.1 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet die **EENHEID** so gebruik dat die behoud en goeie toestand daarvan ten alle tye verseker is/word.
- 10.2 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet die **GEMEENSKAPLIKE EIENDOM** en geriewe so gebruik dat die gebruik daarvan deur ander, nie deur sy/haar gebruik ondermyn word nie.

- 10.3 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet ten alle tye so optree dat die beeld van **EBENHAESER** deur sy/haar/hul optrede bevorder word.

11. EENHEID EN EKSKLUSIEWE GEBRUIK

- 11.1 Die **EENHEID** is soos omskryf in klousule 4 van die **SKEDULE**. Alle aanhegtings van 'n permanente aard vorm deel van die **EENHEID**.
- 11.2 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal volgens klousule 15 hieronder die uitsluitlike gebruik en genot van die **EENHEID** geniet.

12. GEMEENSKAPLIKE GEBRUIKSGBIEDE/ AREAS

Die **GEMEENSKAPLIKE EIENDOM** tot beskikking van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing), is daardie gedeelte/s van die **ONROERENDE EIENDOM** en die geboue kompleks daarop wat:

- 12.1 Nie die onderwerp vorm van eksklusiewe lewenslange bewoningsregte van iemand anders nie; en
- 12.2 Sluit nie die kantoor, stoor en soortgelyke geriewe op die **ONROERENDE EIENDOM** en/of van die gebouekompleks daarop wat vir bestuursdoeleindes gebruik word in nie.

13. DUUR VAN BEWONINGSREG EN BEëINDIGING DAARVAN

- 13.1 Die **BEWONINGSREG** wat hierkragtens verkoop word duur voort:
- 13.1.1 Totdat dit deur die **TRUST** op versoek van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) herverkoop word soos bedoel in klousule 24.1 saamgelees met klousule 25 hieronder; of
- 13.1.2 Tot die dood van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing), met dien verstande dat, waar een van die **KOPER** of **MEDEKOPER** steeds leef ten tyde van die ander een van hulle se dood, hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** steeds bly voort bestaan ten aansien van die oorlewende een van hulle; en

- 13.1.3 Tot die dood van die langselewende **KOPER** of **MEDEKOPER** na verwys in klousule 13.1.2; of
- 13.1.4 Tot beëindiging daarvan deur die **TRUST** ingevolge klousule 24.2 hieronder.
- 13.2 Indien die **EENHEID** nie binne 2 (twee) maande na die ondertekening van die **SKEDULE** deur/namens die **TRUST** fisies deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) bewoon word nie, verval die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** outomaties en sonder verdere kennisgewing aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing). Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal die **DEPOSITO** verbeur tot die mate toegelaat en onderhewig aan die bepalinge van die Wet op Strafbedinge, Wet 15 van 1962. In so 'n geval, bly die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) aanspreeklik vir die maandelikse **HEFFINGS** en enige ander bedrae betaalbaar aan die **TRUST** volgens hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, totdat 'n nuwe koper okkupasie van die **EENHEID** neem.
- 13.3 Die **TRUST** sal geregtig wees om enige sodanige uitstaande bedrag teen daardie deel van die **DEPOSITO**, wat nie in terme van hierdie klousule 13.2 verbeur kan/of mag word nie, af te sit.

14. **MEDE-KOPERS EN DIE TRUST**

- 14.1 'n **MEDEKOPER** is 'n persoon wat saam met 'n ander persoon as **KOPER** koop. Dit is dus 2 (twee) persone wat saam een **BEWONINGSREG** koop en wie se name beide op die **SKEDULE** ingevul is as **KOPER** en **MEDEKOPER** en wie beide die **SKEDULE** en **BEWONINGSREG OOREENKOMS** onderteken het.
- 14.2 Die **MEDEKOPER** is op sy/haar eie en saam met die **KOPER** aanspreeklik (dit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik) onder hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** teenoor die **TRUST**. Die **TRUST** kan dus byvoorbeeld kies om enige een van die **KOPER** en/of **MEDEKOPER** alleen vir die totaal van enige uitstaande bedrag aanspreeklik te hou, of albei.
- 14.3 Die **MEDEKOPER** en **KOPER** kan net gesamentlik regte onder hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** afdwing en die **KOPER** en **MEDEKOPER** kan dus nie alleen/afsonderlik teen die **TRUST** optree nie.

- 14.4 Indien een van die **MEDEKOPER** of **KOPER** sterf, sal die oorblywende een van hulle alleen verder die eienaar van die **BEWONINGSREG** wees tot en met sy/haar afsterwe. Indien die oorblywende een van hulle weer trou of in 'n permanente saambly verhouding betrokke raak, sal sy/haar “nuwe” gade of lewensmaat nie kwalifiseer vir enige voorregte onder hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** nie. Indien so langsliewende een van hulle dus te sterwe kom, sal die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** beëindig word soos uiteengesit in klousule 13 (en meer spesifiek klousule 13.1.2) hierbo.
- 14.5 Nieteenstaande dit vermeld in klousule 14.4 hierbo, sal die **KOPER** of **MEDEKOPER** se “nuwe” gade of lewensmaat wel 'n voorkoopsreg ten opsigte van die **BEWONINGSREG**, wat die onderwerp van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** vorm, geniet. Dus, sou die langsliewende van die **KOPER** of **MEDEKOPER** te sterwe kom nadat hy/sy weer getrou of in 'n “nuwe” permanente saambly verhouding betrokke geraak het, sal sy/haar “nuwe” gade of lewensmaat die reg hê om, voor enige ander persoon, die **BEWONINGSREG** te koop.
- 14.6 In lig van die voormelde (klousule 14.5 hierbo), word die volgende bevestig:
- 14.6.1 Sou die **TRUST** begerig wees om die **BEWONINGSREG** te verkoop aan 'n derde party sal die **TRUST** die “nuwe” gade of lewensmaat skriftelik daarvan inlig. Die **TRUST** sal die terme en voorwaardes onderhewig waaraan die **BEWONINGREG** (insluitend prys) verkoop sal word duidelik aan die “nuwe” gade of lewensmaat bekend maak.
- 14.6.2 Die “nuwe” gade of lewensmaat sal 5 (vyf) dae, na ontvangs van die voormelde skriftelike kennisgewing, hê om sy/haar voorkoopsreg uit te oefen, deur skriftelike bevestiging daarvan aan die **TRUST** te lewer.
- 14.6.3 Indien die voorkoopsreg uitgeoefen word, sal die “nuwe” gade of lewensmaat dan die **BEWONINGSREG** koop onderhewig aan die terme en voorwaardes wat aan hom/haar voorgehou is in terme van klousule 14.6.1 hierbo.
- 14.6.4 Sou die voorkoopsreg nie uitgeoefen word nie, of nie tydig uitgeoefen word nie, sal die **TRUST** geregtig wees om die **BEWONINGSREG** aan die relevante derde party te verkoop.

15. **BESIT EN OKKUPASIE, HANDELINGE EN OUDERDOMS BEPERKING**

- 15.1 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal geregtig wees om besit en okkupasie van die **EENHEID** onder die **BEWONINGSREG** te neem op die datum gespesifiseer in klousule 8 van die **SKEDULE**, welke datum nie meer as 2 (twee maande) na ondertekening van die **SKEDULE** deur/namens die **TRUST** sal wees nie.
- 15.2 Die **BEWONINGSREG** het ten doel die gebruik en besetting van die **EENHEID** uitsluitlik vir woondoeleindes. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) mag nie die **EENHEID** vir enige ander doel gebruik/beset nie.
- 15.3 Die **BEWONINGSREG** is net vir die voordeel van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing). Net hierdie persone self, en geen ander persoon, mag permanent in die **EENHEID** woon nie.
- 15.4 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) hoef, bo en behalwe die **KOOPPRYS**, die **HEFFINGS** en enige **ADDISIONELE DIENSTE** koste (indien relevant), geen verdere vergoeding te betaal vir die uitoefening van die **BEWONINGSREG** nie.
- 15.5 Die **BEWONINGSREG** kan nie vererf nie.
- 15.6 Enige handeling deur enige een van die **KOPER** en/of **MEDEKOPER** (indien relevant) met betrekking tot die **BEWONINGREG**, en in die algemeen die regte en verpligtinge kragtens hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, sal geag word 'n handeling van elkeen van hulle te wees.
- 15.7 Ten einde 'n **BEWONINGSREG** onder hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** te koop/bekom, moet die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) minstens 50 (vyftig) jaar of ouer wees.

16. **VERSORGINGSAFDELING**

- 16.1 Die **TRUST** beskik oor 'n **VERSORGINGSAFDELING** vir verswakte bejaardes. Geregistreerde verpleegpersoneel bedryf die **VERSORGINGSAFDELING**. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) kan hierdie fasiliteit gebruik in die geval van fisiese en/of psigiese verswakking tot 'n vlak wat selfversorging nie moontlik

maak nie. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) gebruik die **VERSORGINGSAFDELING** onderhewig aan die ondergaande bepalings.

- 16.2 Die **VERSORGINGSAFDELING** is nie 'n gespesialiseerde mediese inrigting nie, maar net 'n versorgingsfasiliteit. Sou dit op enige stadium blyk dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) aan 'n liggaamlike of psigiatriese toestand lei wat nie in die **VERSORGINGSAFDELING** behandel kan word nie, sal die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se koste oorgeplaas word na 'n toepaslike mediese instansie/inrigting waar die nodige versorging gegee kan word.
- 16.3 Die vervoerkoste om die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) na sodanige instansie te vervoer, sal ook deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) betaal word.
- 16.4 Die mening van die behandelende mediese geneesheer van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing), oor of die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) oorgeplaas moet word of nie, sal finaal en bindend wees op die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing).
- 16.5 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) verswak tot 'n vlak waar volgehoue versorging nodig is, onderneem die **TRUST** om aan die **KOPER** voorkeur te gee vir die huur van 'n **MEDIESE BEWONINGSREG** in die **VERSORGINGSAFDELING** om permanente versorging moontlik te maak.
- 16.6 Die **MEDIESE BEWONINGSREG** wat gehuur word, word nie gekoppel aan 'n sekere vertrek nie. Die verpleegdiensbestuurder van die **VERSORGINGSAFDELING** kan die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) van tyd tot tyd rondskuif na in agneming van die behoeftes van al die inwoners van **EBENHAESER** wat op enige bepaalde stadium versorging in die **VERSORGINGSAFDELING** ontvang.
- 16.7 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) mag nie self reël vir verpleging in sy/haar/hul **EENHEID** nie. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet by die **TRUST** aansoek doen om sodanige verpleging te reël. Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) mag slegs geregistreerde verpleegpersoneel gekontrakteur deur die **TRUST** gebruik vir **EENHEID VERSORGING**. Kinders, familie of vriende van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER**

indien van toepassing) mag die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) onder geen omstandighede in sy/haar/hul **EENHEID** versorg nie.

- 16.8 Die **VERSORGINGSAFDELING** sal ook voorsiening maak vir persone wat tydelike versorging benodig en wel teen 'n vasgestelde dagtarief.
- 16.9 Die fasiliteite en dienste van die **VERSORGINGSAFDELING** is tot die beskikking van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing), maar die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) is nie verplig om daarvan gebruik te maak nie.
- 16.10 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) siek word tot die mate wat volgehoue versorging noodsaak, en weier om na die **VERSORGINGSAFDELING** oorgeplaas te word, sal die **TRUST** geregtig wees om, in oorleg met die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se geneesheer, van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) te verlang om oorplasing na die **VERSORGINGSAFDELING** vir volgehoue versorging te aanvaar.
- 16.11 Sou die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) of, die persoon of persone wat regtens verplig of geregtig is om sodanige besluit namens die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) te neem, die oorplasing weier, sal die **TRUST** geen verdere versorgingsplig teenoor die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) hê nie.
- 16.12 Die **VERSORGINGSAFDELING** is 'n rook vrye gebied. Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) in die **VERSORGINGSAFDELING** opgeneem word en wel wil rook, dan mag hy/sy/hulle slegs rook in die aangewysde rookareas.
- 16.13 Ongeag enige bepaling in hierdie klousule 16, sal die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) te alle tye geregtig wees om gebruik te maak van sy/haar/hul eie geneesheer se dienste mits hy/sy dit kan bekostig.

17. **MEDIKASIE BEHEER**

- 17.1 Die **TRUST** sal die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se vermoë tot die korrekte inname of toediening van medikasie evalueer wanneer die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) intrek. Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) nie sy/haar/hul medikasie korrek kan hanteer

nie, dan sal die **TRUST** die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op medisynebeheer plaas teen 'n redelike addisionele koste soos bepaal deur die **TRUST** van tyd tot tyd. Die **TRUST** sal die evaluering doen ooreenkomstig die riglyne en vorms van tyd tot tyd gepubliseer deur die Nasionale Departement van Gesondheid.

- 17.2 Indien enige insident tydens die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se verblyftydperk plaasvind, wat aandui dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) medikasie verkeerdelik gebruik, sal die **TRUST** die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) weer evalueer. Indien die evaluasie aantoon dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) nie in staat is om sy/haar medikasie korrek te gebruik nie, dan sal die **TRUST** die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op medikasiebeheer plaas. Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal dan verplig wees om op medikasiebeheer te bly vir die volle verblyftydperk van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing).
- 17.3 Wanneer die **TRUST** die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op medikasiebeheer plaas, vereis die **TRUST** dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) en/of sy/haar/hul familie/vriende 'n rekening by die plaaslike apteek open waar die betrokke medikasie dan bestel kan word. Hierdie vereiste sal egter nie afgedwing word in gevalle waar die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se mediese fonds voordele tot 'n groter mate benut kan word, sou die rekening by 'n ander apteek wees nie.
- 17.4 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) en/of sy/haar/hul familie/vriende die rekening nog nie na 2 (twee) maande vanaf die datum waarop die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op medikasiebeheer geplaas is, geopen het nie, sal die **TRUST** 'n administratiewe fooi (soos bepaal deur die **TRUST** en addisioneel tot die koste in 17.1 uiteengesit) hef om die **TRUST** te vergoed vir die kostes deur die **TRUST** aangegaan met die aankoop van sodanige medikasie namens die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing).

18. WOONSTELVERSORGING

- 18.1 Voordat die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se aanbod vir die **EENHEID** aanvaar sal word, sal die **TRUST** die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) met betrekking tot sy/haar/hul liggaamlike en psigiese gesondheidstoestand evalueer. Die **TRUST** sal slegs die aanbod van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) aanvaar, indien dit tevrede is met die liggaamlike en psigiese gesondheidstoestand van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing).
- 18.2 Die **TRUST** sal die evaluasie doen ooreenkomstig die riglyne en vorms van tyd tot tyd gepubliseer deur die Nasionale Department van Maatskaplike Ontwikkeling (vorm nommer DQ 98).
- 18.3 Die **TRUST** sal geregtig wees om die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) ten enige tyd tydens die verblyftydperk weer te evalueer indien die **TRUST** rede het om te glo dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se liggaamlike en/of psigiese toestand verswak het.
- 18.4 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se liggaamlike gesondheidstoestand en/of psigiese toestand verswak tot so mate, of indien daar enige insident tydens die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se verblyftydperk plaasvind wat aandui dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) versorging benodig synde dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) nie in staat is om vir hom/haarself/hulself te sorg nie, sal die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) op **EENHEID VERSORGING** geplaas word in ag genome dat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se toestand nie so ernstig of akuut is dat oorplasing na die **VERSORGINGSAFDELING** nodig is nie.
- 18.5 Die plasing op **EENHEID VERSORGING** is dan verpligtend totdat oorplasing na die **VERSORGINGSAFDELING** nodig is soos hierbo beskryf of vir die volle verblyftydperk, na gelang van die keuse van die **TRUST**.
- 18.6 Na enige hospitalisasie/chirurgiese prosedure sal die **TRUST** die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) in die **VERSORGINGSAFDELING** opneem vir evaluasie deur die verpleegkundige. Die **TRUST** sal dan, na uitslag van die

evaluasie, 'n persoonlike behoeftebepaling doen en 'n aanbeveling saamstel vir die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing). Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal verplig wees om sodanige aanbeveling te volg. Die **TRUST** sal die evaluasie doen ooreenkomstig die riglyne en vorms van tyd tot tyd gepubliseer deur die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (vorm DQ 98).

19. **HEFFINGS**

- 19.1 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal verplig wees om aan die **TRUST** 'n maandelikse **HEFFING** te betaal. Sodanige **HEFFING** sal jaarliks deur die **TRUST** beraam word vir die komende boekjaar – begin Maart tot einde Februarie.
- 19.2 Die **TRUST** sal jaarliks 'n begroting opstel en aan die inwoners van **EBENHAESER** voorhou vir oorweging, insette en goedkeuring. Goedkeuring sal plaasvind by 'n geskeduleerde inwoners vergadering by wyse van 'n meerderheid stem van die inwoners teenwoordig. Die kworum vir hierdie inwoners vergadering sal 25% (vyf en twintig persent) van alle inwoners van **EBENHAESER** wees. Die prosedure vir inwoners vergaderings (insluitend kennisgewing periodes, uitstel meganismes ens.) is soos vervat in **AANHANGSEL “C”**.
- 19.3 Die **TRUST** sal geregtig wees om tot die maandelikse **HEFFING** wat betaalbaar is ooreenkomstig klousule 19.1, spesiale heffings toe te voeg indien dit, volgens die mening van die **TRUST**, nodig is om die bedryfskoste vir die boekjaar te dek. Die **TRUST** sal die heffing spesifiseer en bespreek wanneer dit betaalbaar is.
- 19.4 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal nie geregtig wees om enige bedrag as **HEFFING** (of spesiale heffing) betaal, terug te eis nie.
- 19.5 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal **HEFFINGS** maandeliks vooruit betaal voor of op die sewende dag van elke maand vanaf die maand waarin die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) besit en okkupasie van die **EENHEID** neem.
- 19.6 Die aanvanklike **HEFFING** betaal te word deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) soos bepaal in klousule 19.1, is die bedrag gespesifiseer in klousule 6.1 van die **SKEDULE**.

- 19.7 Alle agterstallige **HEFFINGS** (en enige ander bedrae deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) aan die **TRUST** verskuldig) dra rente teen 'n koers gelykstaande aan die prima rentekoers van tyd tot tyd deur Absa Bank gehef op oortrokke rekeninge.
- 19.8 Die **TRUST** sal 'n sertifikaat gee rakende uitstaande **HEFFINGS** en opgelope rente of enige ander bedrae verskuldig en sal dit op die oog af as bewys daarvan dien.
- 19.9 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) is addisioneel verantwoordelik vir die betaling van sy/haar/hul elektrisiteitsverbruik in die **EENHEID** soos maandeliks gemeet. Daar is 'n afsonderlike meter per **EENHEID**.
- 19.10 Die betaling van die maandelikse **HEFFING** is ter dekking van die koste van die volgende dienste en/of uitgawes van die **TRUST**:
- 19.10.1 Ontbyt en middagete in die gesamentlike eetkamer. Indien etes sonder die toestemming van die verpleegkundige aan diens in 'n **EENHEID** gelewer word, sal die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) addisionele koste betaal soos van tyd tot tyd deur die **TRUST** bepaal.
- 19.10.2 Daaglikse vullis verwydering by die **EENHEID** se deure (Maandae tot Saterdag)
- 19.10.3 Skoonmaak van kombuis en badkamer in die **EENHEID** (soos op 'n weeklikse skoonmaakrooster gespesifiseer sal word) 2 keer per week.
- 19.10.4 Stofsuig van die mat, was van teëls en afstof van meubels in die **EENHEID** (soos per 'n weeklikse skoonmaakrooster gespesifiseer sal word) 1 keer per week.
- 19.10.5 Sekuriteitsdienste by die toegangshek.
- 19.10.6 Gemeenskaplike elektrisiteit en geysers (fase 1 se eenhede word apart gehef vir die gebruik van geysers).
- 19.10.7 Vervoer van en na spesifieke winkelsentrums Dinsdae en Donderdae.

20. VERHURING

Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal nie geregtig wees om die **BEWONINGSREG** te verhuur of besit en okkupasie van die **EENHEID** aan enige iemand anders af te staan nie.

21. VERSEKERING

- 21.1 Die **TRUST** sal die **ONROERENDE EIENDOM** en alle verbeterings daarop verseker teen skade of verlies as gevolg van brand, onrus, staking en oproer, ontploffing, storm, onstuimigheid, vloed, aardbewing, huisbraak of poging daartoe, bedreiging sowel as politieke onrusdekking volgens die SASRIA koepon en sodanige ander risiko's as wat die **TRUST** in sy uitsluitlike oordeel noodsaaklik mag ag.
- 21.2 Sodanige versekeringsdekking sal egter nie die bates van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) gehou in sy/haar/hul **EENHEID** en/of enige ander plek op die perseël van die **TRUST** dek nie. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal sy/haar/hul eie versekering hiervoor uitneem.
- 21.3 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal dus nie die **TRUST** aanspreeklik kan hou vir die verlies van enige items (waardevol of nie) van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) wat in sy/haar/hul **EENHEID** of op enige ander plek op die **ONROERENDE EIENDOM** gehou word nie.
- 21.4 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) mag niks doen of nalaat, of toelaat dat iets gedoen of nagelaat word, wat die **TRUST** se dekking onder die versekeringspolis mag benadeel nie.
- 21.5 Die **TRUST** sal nie aanspreeklik wees vir enige skade aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se bates nie, tensy dit die direkte gevolg is van die opsetlike optrede of growwe nalatigheid van iemand wat in opdrag van die **TRUST** handel.
- 21.6 Indien die **EENHEID** of ander strukture tot beskikking van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) vir gebruik ooreenkomstig hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** beskadig word tot die mate wat voortgesette bewoning en/of gebruik daarvan onmoontlik maak, sal die **TRUST** onverwyld sodanige

skade herstel om die **EENHEID** of ander struktuur so spoedig moontlik weer bewoonbaar en bruikbaar te maak. Die **TRUST** sal redelikerwys poog om in die tussentyd alternatiewe akkommodasie vir die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) te verskaf. Die **TRUST** waarborg egter nie dat die **TRUST** daartoe in staat sal wees nie.

- 21.7 Ondanks die voorgaande en aanvullend daartoe, sal die **TRUST** nie aanspreeklik wees vir enige besering en/of skade wat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) mag opdoen of ly nie, tensy dit te wyte is aan die opsetlike of grof-nalatige optrede van iemand wat handel in opdrag van die **TRUST**.

22. ONDERHOUD VAN DIE EENHEID EN VERANDERINGE DAARAAN

- 22.1 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) is nie geregtig om enige strukturele veranderings van permanente aard in of aan die **EENHEID** aan te bring nie, tensy die **TRUST** vooraf skriftelik toestemming gegee het.
- 22.2 Die **TRUST** sal verantwoordelik wees vir die onderhoud van die **EENHEID**. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal aanspreeklik wees vir koste as gevolg van skade deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) veroorsaak.
- 22.3 Indien die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) die **EENHEID** egter binne 2 (twee) jaar na okkupasie daarvan verkoop en nieteenstaande klousule 22.1 hierbo, is die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) aanspreeklik vir die herstel en onderhoudskoste van die **EENHEID**.
- 22.4 Die **TRUST**, sal te alle redelike tye geregtig wees op toegang tot die **EENHEID** vir inspeksiedoeleindes. Die **TRUST** se personeel, of ander gevolgmagtigdes, sal die inspeksies uitvoer.

23. BESTUUR

- 23.1 Die **TRUST** sal 'n bestuurspan aanstel in sy uitsluitlike diskresie, maar in samewerking en konsultasie met die Inwonerskomitee soos voorgeskryf in die **WET**. Hierdie bestuurspan sal **EBENHAESER** en die allesomvattende bedryf daarvan, bestuur.

- 23.2 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal nie geregtig wees om op enige wyse met die bestuur in te meng nie, behalwe waar bystand uitdruklik deur die **TRUST** van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) gevra word.
- 23.3 Die Inwonerskomitee het gedragsreëls en 'n klagteprosedure vir **EBENHAESER** saamgestel. Hulle is geregtig om dit van tyd tot tyd aan te pas ten einde die sinvolle en ordelike gebruik van die **ONROERENDE EIENDOM** en gebouekompleks daarop deur alle bewoners daarvan te verseker.
- 23.4 Die **TRUST** sal 'n afskrif van sodanige gedragsreëls en klagteprosedure aanheg by hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS (AANHANGSELS “C” en “D”)**. Dit is die plig van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) om homself/haarself/hulself van die inhoud daarvan te vergewis. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) onderteken gelyktydig met die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** afskrifte daarvan op die plekke soos aangedui op die dokumente.
- 23.5 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) onderneem om homself/haarself/hulself aan sodanige gedragsreëls te hou en homself/haarself/hulself daaraan te onderwerp.
- 23.6 **EBENHAESER** kwalifiseer as behuisingskema onder die **WET**. Die **TRUST** is daartoe verbind om die bestuur van **EBENHAESER** uit te voer ooreenkomstig die doelstellings en standaarde soos uiteengesit in die **WET** en word die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se aandag spesifiek daarop gevestig soos in die **WET** uiteengesit.

24. **BEËINDIGING VAN BEWONINGSREG**

Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se **BEWONINGSREG** kom tot 'n einde onder die omstandighede gelys in klousule 13 hiervoor en ook onder die volgende omstandighede:

- 24.1 Indien die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) die **TRUST** skriftelik kennis gee dat hy/sy/hulle sy/haar/hul **BEWONINGSREG** wil beëindig. Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet sodanige kennis 3 (drie) kalendermaande voor die beoogde beëindigingsdatum gee.

- 24.2 Indien die **TRUST** skriftelik kennis van beëindiging gee omdat:
- 24.2.1 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) kontrakbreuk gepleeg het ooreenkomstig klousule 28 hieronder; en/of
 - 24.2.2 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) aan 'n ongeneeslike, aansteeklike siekte ly wat in die oordeel van die **TRUST** 'n bedreiging inhou vir ander okkupeerders. Sou die **KOPER** en/of **MEDEKOPER** (indien van toepassing) wat aan die gewraakte siekte ly egter vrywillig elders gaan woon, sal die **BEWONINGSREG** vir die gesonde een van hulle voortduur; en/of
 - 24.2.3 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) hulself/homself/haarself skuldig maak aan 'n kriminele oortreding waarvan geweld, oneerlikheid, teistering (en/of enige ander strafregtelik vervolgbare handeling/aksie) 'n element is. Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) wat aldus skuldig bevind is, elders gaan woon, sal die ander een van hulle geregtig wees om die **BEWONINGSREG** uit te oefen tot en met sy of haar dood; en/of
 - 24.2.4 Die inligting wat by sluiting van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** in die **SKEDULE** verstrekk was, wesenlik misleidend en/of onwaar is.
- 24.3 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) voortdurend en volhardend die bepalings van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** en die gedragsreëls verbreek en daarmee volhard selfs na 'n skriftelike aanmaning deur die **TRUST** om sodanige gedrag (wat in die skriftelike aanmaning volledig uiteengesit moet word) te staak. Die **TRUST** sal dan geregtig wees om hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** by wyse van 3 (drie) kalendermaande skriftelike kennisgewing te beëindig. Sou die **KOPER** en/of **MEDEKOPER** (indien van toepassing) wat so oortree egter vrywillig elders gaan woon, sal die **BEWONINGSREG** vir die ander een van hulle voortduur.
- 24.4 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) permanent na die **VERSORGINGSAFDELING** oorgeplaas word. In hierdie geval, sal die **BEWONINGSREG** beëindig word op die tydstip waarop dit blyk dat sodanige

oorplasing permanent van aard is. Die **BEWONINGSREG** sal egter vir die gesonde een van hulle voortduur.

25. **TE GELDE MAKING VAN BEWONINGSREG**

- 25.1 By die beëindiging van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se **BEWONINGSREG** ooreenkomstig hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, moet die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) onmiddellik die **EENHEID** ontruim.
- 25.2 Alle regte met betrekking tot die **EENHEID** val dan terug na die **TRUST**, wie verplig sal wees om so gou as wat prakties moontlik is, 'n nuwe koper vir die **EENHEID** te kry.
- 25.3 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) bly verantwoordelik vir die betaling van die **HEFFING** en ander bedrae wat aan die **TRUST** verskuldig mag word, tot die einde van die maand voordat die nuwe koper okkupasie van die **EENHEID** neem.

26. **OPBRENGS**

- 26.1 Die totale netto opbrengs (hieronder beskryf) tot en met 'n bedrag gelykstaande aan die **KOOPPRYS** deur die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) kragtens hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** betaal, sal by herverkoop van die **EENHEID** deur die **TRUST** aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) of sy/haar/hul boedel oorbetal word.
- 26.2 Die netto opbrengs is die herverkoopprys wat gerealiseer word minus alle herstelkoste (en onderhoudskoste waar die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) minder as 2 (twee) jaar in die wooneenheid woonagtig was) aan die **EENHEID** om dit in dieselfde kondisie te kry as waarin die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) dit ontvang het minus alle **HEFFINGS** en/of ander bedrae wat aan die **TRUST** verskuldig mag wees in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**.

- 26.3 Die bedrag betaalbaar in terme van klousules 26.1 sal uitbetaal word 10 (tien) werksdae nadat die nuwe koper se finale koopprys in die bankrekening van **EBENHAESER** gedeponeer is. Geen rente is betaalbaar op die bedrag nie.
- 26.4 Ingeval die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) permanent na die **VERSORGINGSAFDELING** oorgeplaas word en die **TRUST** dan die **EENHEID** verkoop soos wat dit geregtig is om te doen ooreenkomstig klousule 24.4 hierbo, sal die **TRUST** geregtig wees om die netto opbrengs wat realiseer uit die verkoop te hou as sekuriteit vir die betalings van **HEFFINGS** en enige ander bedrae wat ingevolge hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** aan die **TRUST** in die toekoms verskuldig mag word.
- 26.5 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) verleen hiermee aan die **TRUST** toestemming ooreenkomstig die volmag hierby aangeheg as **AANHANGSEL "A"** om die netto opbrengs van sodanige geld in 'n rente draende rekening by die bankinstelling van die **TRUST** te belê, in die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se naam, en om met die bankinstelling te reël vir die betaling uit die rekening van die maandelikse **HEFFINGS** en ook enige ander bedrae wat aan die **TRUST** verskuldig mag word.
- 26.6 Die bedrag sal vir die volle duur van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se verblyf in dieselfde beleggingsrekening gehou word en sal die **TRUST** nie verplig wees om die belegging op enige stadium te skuif om 'n moontlike beter opbrengs op die belegging te behaal nie.

27. GERIEWE

- 27.1 As deel van die **BEWONINGSREG** hiervolgens verkoop, bied die **TRUST** die volgende geriewe:
- 27.1.1 Ontbyt en middagete in die gesamentlike eetkamer (Indien etes sonder die toestemming van die verpleegkundige aan diens in 'n **EENHEID** gelewer word, is 'n addisionele koste betaalbaar soos van tyd tot tyd deur die **TRUST** bepaal).
- 27.1.2 Daaglikse (uitgesluit Sondae en publieke vakansiedae) verwydering van vullis by die **EENHEID** se deure.

- 27.1.3 Skoonmaak van kombuis en badkamer in die **EENHEID** (soos op 'n weeklikse skoonmaakrooster gespesifiseer sal word) 2 keer per week.
- 27.1.4 Stofsuig van die mat, was van teëls en afstof van die meubels in die **EENHEID** (soos per 'n weeklikse skoonmaakrooster gespesifiseer sal word) 1 keer per week.
- 27.1.5 Sekuriteitsdienste by die toegangshek.
- 27.1.6 Gemeenskaplike elektrisiteit en geysers (fase 1 se eenhede word apart gehê vir die gebruik van geysers).
- 27.1.7 Vervoer van en na spesifieke winkelsentrums en mediese afsprake soos uiteengesit in klousules 27.2, 27.3 en 27.4.
- 27.1.8 Medisynebeheer teen redelike addisionele koste.
- 27.1.9 Die **EENHEID VERSORGING** teen redelike addisionele koste.
- 27.1.10 **VERSORGINGSAFDELING** teen redelike addisionele koste.
- 27.2 Vervoer na besighede en vir mediese afsprake sal slegs gedoen word waar die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) fisies in staat is om self en sonder hulp te beweeg.
- 27.3 Die koste van vervoer na besighede (volgens die dag-tot-dag program van **EBENHAESER** en gewoonlik op Dinsdae en Donderdae), is ingesluit by die **HEFFING**.
- 27.4 Vervoer na besighede (op ander tye as wat op die dag-tot-dag program aangedui word), en na uitstappies en mediese afsprake is teen addisionele koste (per kilometer bereken) beskikbaar. Hierdie koste sal op aanvraag vooraf aan die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) verskaf word. Hierdie vervoerdienste sal slegs op Dinsdae en Donderdae beskikbaar wees.
- 27.5 Wanneer die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) enigsins met bystand of hulp na 'n mediese instansie, dokter, spesialis of geneesheer se spreekkamer vervoer moet word, is dit die familie van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) of die **VERANTWOORDELIKE PERSOON** se verantwoordelikheid om sodanige vervoer te reël of te verskaf. Wanneer die familie weier of nie in staat is om sodanige vervoer te reël of te verskaf nie, en die **TRUST** word versoek om dit vir die

KOPER (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) te reël, sal die **TRUST** gebruik maak van 'n ambulansdiens en die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal verantwoordelik wees vir die betaling van die koste daarvan.

- 27.6 'n Haarsalon wat onafhanklik van **EBENHAESER** bedryf word is op die **ONROERENDE EIENDOM** gebaseer. **EBENHAESER** en/of die **TRUST** is nie op enige wyse verantwoordelik vir die dienste wat die operateurs van die salon lewer nie, of vir enige van hul optrede of dade nie.

28. KONTRAKBREUK

- 28.1 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) versuim om enige bedrag wat in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** betaalbaar is voor of op die betaal datum te betaal, of indien hy/sy/hulle enige bepaling van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** verbreek of toelaat dat dit verbreek word, of toelaat dat dit deur 'n persoon vir wie se optrede en gedrag hy/sy/hulle verantwoordelik is, verbreek word:

- 28.1.1 En die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) bly in versuim vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae nadat kennisgewing per hand aan hom/haar/hulle afgelewer word of aan hom/haar/hulle gepos word per voorafbetaalde geregistreerde pos waarin hy/sy/hulle versoek word om die kontrakbreuk reg te stel of die betaling te maak; of
- 28.1.2 Indien die kontrakbreuk van so 'n aard is dat dit nie maklik reggestel kan word by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge klousule 28.1.1 nie en die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) verdere kontrakbreuk van dieselfde aard pleeg of veroorsaak of toelaat dat dit gepleeg word (soos bedoel in 28.1) binne 6 (ses) maande na lewering aan hom/haar/hulle per hand of per voorafbetaalde geregistreerde pos van 'n kennisgewing wat van hom/haar/hulle vereis om op te hou en om nie 'n herhaling van die kontrakbreuk te veroorsaak of toe te laat nie;
- 28.1.3 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) kontrakbreuk pleeg ten opsigte van 'n onderneming wat deur hom/haar/hulle gegee is ingevolge 28.3.

28.1.4 Sal die **TRUST** geregtig wees om:

28.1.4.1 Onmiddellik alle bedrae wat dan nog in terme van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** verskuldig is tesame met enige rente daarop, op te eis tesame met skadevergoeding vir enige skade wat die **TRUST** mag gely het as gevolg van voormelde kontrakbreuk; alternatiewelik

28.1.4.2 Sal die **TRUST** geregtig wees om hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** onmiddellik te kanselleer en om enige agterstallige bedrae ten opsigte van paaielemente, kostes en **Heffings** op te eis en alle bedrae wat deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** gemaak is as roukoop betalings verbeurd te verklaar of as gelikwideerde skadevergoeding te behou; Alternatiewelik

28.1.4.3 sal die **TRUST** geregtig wees om hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** onmiddellik te kanselleer en van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sodanige skade te eis as wat dit gely het, in welke geval die **TRUST** geregtig sal wees om alle betalings wat reeds deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) gemaak is, te behou totdat die werklike bedrag van skade deur 'n hof bepaal is en om daarna sodanige skade te verreken teen die bedrae wat so teruggehou is.

28.2 Indien die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** gekanselleer word soos voormelde

28.2.1 sal die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se **BEWONINGSREG** onmiddellik oorgaan en die eiendom word van die **TRUST** sonder die betaling van enige vergoeding vir enige verbeterings wat deur die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) aan die **EENHEID** aanbring mag gewees het, en

28.2.2 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal verplig wees om die **EENHEID** onmiddelik te ontruim.

- 28.3 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) 'n steurnis veroorsaak deur buitensporige geraas te maak, of andersins enige van die gedragsreëls oortree in 'n mate wat na die mening van die **TRUST** 'n oorlas vir ander bewoners van **EBENHAESER** sal uitmaak, het die **TRUST** die reg om die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) te vra om die **EENHEID** onmiddellik te ontruim.
- 28.4 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) moet dit onmiddellik ontruim soos vereis en sal nie toegelaat word om die **EENHEID** weer te okkupeer nie totdat hy/sy/hulle 'n skriftelike onderneming geteken het dat hy/sy/hulle homself/haarself/hulself sal weerhou van die gedrag waaroor gekla is.
- 28.5 Indien daar regsstappe teen die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) geneem word ter afdwinging van die **TRUST** se regte in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, sal die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) verplig wees om alle regskoste en uitgawes hoegenaamd wat aangeaan is voortspruitend uit sodanige kontrakbreuk, met inbegrip van koste op prokureur en eie kliënt skaal te betaal.

29. ADRESSE WAAR PARTYE KIES OM KENNISGEWINGS TE ONTVANG

- 29.1 Die **PARTYE** kies om enige kennisgewings insluitende raadskennisgewing in terme van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** by die volgende adresse te aanvaar:
- 29.1.1 Die **TRUST** te Anna Wilsonstraat 211, Kilnerpark, Pretoria;
- 29.1.2 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) by die adres vermeld in paragraaf 3 van die **SKEDULE** tot en met die datum van okkupasie van die **EENHEID**, en daarna by die **EENHEID** self.
- 29.2 Enige kennisgewing wat in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** gegee mag of moet word, sal per hand afgelewer word by of per vooruitbetaalde geregistreerde pos gestuur word aan die geadresseerde se adres. Dit sal geag word om die geadresseerde te bereik het op die datum van aflewering per hand, of sewe dae nadat die kennisgewing gepos is.

30. VERANTWOORDELIKE PERSOON

- 30.1 Indien die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) se liggaamlike en/of psigiese gezondheidstoestand so versleg dat hy/sy/hulle nie meer in staat is om die **HEFFINGS** en ander uitgawes wat ingevolge hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** aan die **TRUST** betaal moet word, te betaal nie, moet die **VERANTWOORDELIKE PERSOON** die betalings doen.
- 30.2 Die **VERANTWOORDELIKE PERSOON** verbind homself/haarself hiermee as borg en medehoofskuldenaar teenoor die **TRUST** gesamentlik en afsonderlik met die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) om die verpligtinge van die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) in die verband en soos uiteengesit in hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** na te kom.
- 30.3 Die **VERANTWOORDELIKE PERSOON** kies hiermee die adres waar hy/sy kennisgewings sal aanvaar, die adres soos uiteengesit in paragraaf 7 van die **SKEDULE**.

31. ALGEMEEN

- 31.1 Die **PARTYE** plaas op rekord dat dit die **TRUST** sal vrystaan om te enige tyd in die toekoms, ander of soortgelyke of gewysigde ooreenkomste ten opsigte van die vervreemding van okkupasieregte in **EBENHAESER**, met ander kopers aan te gaan.
- 31.2 Geen ander ooreenkoms aangegaan met 'n ander koper wat geheel of gedeeltelik of wesenlik met hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** verskil, sal geag word inbreuk te maak op die regte wat die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) in terme van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** verkry het nie.
- 31.3 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) sal homself/haarself/hulself nooit op hernuwing of stilswyende toestemming aan die kant van die **TRUST** kan beroep wat sal neerkom op aansprake van die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) om hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** te wysig nie.
- 31.4 Die **PARTYE** stem hiermee toe tot die jurisdiksie van die landdroshof vir enige regsaksie voortspruitend uit hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**. Hierdie toestemming verplig egter nie 'n **PARTY** om in die landdroshof te litigeer nie.

- 31.5 Dit word hiermee op rekord geplaas dat hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** die hele ooreenkoms tussen die **PARTYE** daarstel en dat daar geen voorstellings of waarborge, hetsy mondeling, skriftelik of stilswyend deur of namens die **TRUST** gegee is anders as die wat hierin vervat is nie.
- 31.6 Geen ooreenkoms in stryd met of ter wysiging van die bepalinge van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** of enige hernuwing of kansellasië by ooreenkoms van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, sal op die **PARTYE** bindend wees nie, tensy dit op skrif gestel is en deur die **PARTYE** hiertoe onderteken is.
- 31.7 Die **KOPER** (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing) bevestig dat hy/sy/hulle bewus is daarvan dat die **BEWONINGSREG** wat hiermee verkry word nie 'n saaklike reg is nie, maar wel 'n persoonlike reg is wat deur die **TRUST** toegeken word. Hierdie persoonlike reg is nie registreerbaar in enige aktekantoor nie, of in enige vorm teen die titel van die **ONROERENDE EIENDOM** nie aangesien dit aan die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) in persoon gekoppel is.
- 31.8 Die **KOPER** (en **MEDEKOPER** indien van toepassing) se aandag word gevestig op:
- 31.8.1 **AANHANGSEL "B"** hiertoe wat saam met die restant van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** die inligting vervat wat vereis word deur artikel 4 van die Wet op Behuisingskemas vir afgetrede persone, Wet 65 van 1988, welke aanhangsel 'n integrale deel van hierdie **BEWONINGSREG OOREENKOMS** vorm; en
- 31.8.2 Die dokumente genoem in klousule 9 van die **SKEDULE** wat, saam met die restant van die **BEWONINGSREG OOREENKOMS**, die inligting vervat soos vereis word deur die Wet 13.

DIE KOPER (en/of **MEDEKOPER** indien van toepassing)/ **VERANTWOORDELIKE PERSOON** bevestig hiermee dat hy/sy/hulle die **BEWONINGSREG OOREENKOMS** gelees het voor ondertekening daarvan en dat hy/sy/hulle ten volle die inhoud van elke paragraaf asook die implikasies daarvan verstaan.

Geteken deur **DIE KOPER / MEDEKOPER** te Pretoria op

-----_20_-----

GETUIES

1. -----

2. -----

DIE KOPER

HANDTEKENING

DIE MEDEKOPER

HANDTEKENING

Geteken deur DIE VERANTWOORDELIKE PERSOON te Pretoria op

-----20-----

GETUIES

1. -----

2. -----

**DIE VERANTWOORDELIKE
PERSOON**

HANDTEKENING